

16 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 89

Fokusgedeelte: Psalm 89:6

Loof God! Sy almag en trou is sigbaar in sy werke

Vandag is gekoppel aan 'n datum uit 'n revolusie. Het God ons in die steek gelaat? Dink hoe moes Israel gevoel het in die ballingskap! Hulle was immers as volk verbondsvolk van God aan wie Hy talle beloftes gemaak het, ook ten opsigte van die koningshuis van Dawid.

Die digter gee egter wyer perspektief aan die moedelose volk. Hy vestig hulle aandag op die almag en trou van God soos dit geopenbaar word in die skepping. Sy almag, wysheid en konstante, troue voorsienigheid is immers duidelik sigbaar in die skepping. Daarom staan die ganse skepping in verwondering voor God en loof Hom sonder ophou.

Die mens wat deur die genade van die Here dit regkry om verder te kyk as sy eie klein wêreldjie en die groot geheel van God se troue werke raaksien, kan nie anders as om hartlik aan hierdie lofverheffing deel te neem nie.

Daarby ken ons ook Jesus Christus, dié Koning wat in vervulling van God se verbondsbeloftes aan Dawid aan die regterhand van die Vader regeer. Ons weet dat ons burgerskap nie op hierdie aarde is nie, maar dat ons burgers is van die koninkryk van God, en dat Hy besig is om almagtig en getrou sy raadsplan te ontplooi.

Voel jy vasgedraai in jou omstandighede en asof God jou vergeet het? Kry wyer perspektief. Sien God se verbondstrou in Jesus Christus. En maak tyd en kyk weer goed na die grootsheid van die skepping. Sien daarin God se almag en trou, en loof Hom in bewondering saam met die engelkore.

Sing: Psalm 89: 3 (Totius)

Ds HB Hattingh (Warmbad)